

SONDAGOGGEND 15 AUGUSTUS 2021
Hou moed – Ek het die wêreld klaar oorwin

Johannes/John 14:31b

Die ete in die bovertrek êrens in Jerusalem was verby. So, die res van die gesprek Johannes 15-16 vind êrens tussen Jerusalem en die Olyfberg plaas. Dis so 2 km se loop. Dit was seker al baie na aan middernag, en Jesus is nou regtig besig om sy laaste woorde met Sy dissipels te praat. Hierna gaan Hy bid en dan gaan Judas Hom verraaï en gaan Hy in hegtenis geneem word en gekruisig word. Daarna sal Hy na Sy opstandig nog net 'n paar keer vir kort rukkies met hulle praat.

Miskien het Hy al die flikkerende ligte gesien van die soldate wat op pad was, so kom ons hoor wat sê Hy.

Johannes/John 16:25-33

Ek wil begin met 'n vraag.

Wat as dit nie verander nie?

Wat is dit wat moet verander? Jy kan enigiets daarin sit. Dit kan:

- Jou gesondheid wees.
- Jou situasie by die werk of by die huis.
- Jou vriende wees, jou bure.
- Jou finansies wees.
- Sê nou maar net Covid 19 gaan nooit weg nie, en ons sal dalk nooit weer ons geliefdes in Suid-Afrika of “over East” fisies kan sien nie.
- Sê nou maar net jou kinders word groot met 'n Zoom oupa en ouma en ander familie.

Ons lewe verseker in van die moeilikste tye in 'n baie lang tyd. Buiten dat jy met jou eie goed “struggle,” help die nuus wat ons kyk en lees ook nie. Ons word gebombardeer met ander mense se slegte nuus ook. Ons lees meer en meer van mense wat skynbaar alles bereik het,

die hoogste sport in die lewe, of goue medaljes by die Olimpiese Spele, of skynbaar welaf, se “struggles” om dit “mentally” te maak.

Ek het al baie gesê dat ek baie lief is vir Jesus, maar ook baie hou van Hom. Want Hy is die Seun van God, wat van die Vader af kom, en teruggaan na die Vader toe, maar wat plat op die aarde is en ons lewenswêreld verstaan.

So wat as die goed nie verander nie? Hoor Jesus se antwoord.

Johannes/John 16:33

Op so realistiese eenvoudige manier som Jesus se laaste woorde aan Sy dissipels hulle wêreldsituasie en my en jou wêreld situasie op. En Hy skets twee moontlikhede vir ons.

In die wêreld sal julle dit moeilik hê;

Ek dink dis ek dis fantasties dat Jesus dit weet en iets daaraan wil doen. Hy gee ons die realiteit. In die wêreld is dit moeilik.


Moeilikhed in die wêreld
Trouble in the world

En soos ek nou-nou gesê het, jy kan nou invul watter tipe moeilikheid daar is. Joune gaan van myne verskil, maar beide van ons gaan van tyd tot tyd moedeloos word en voel dat die lewe nie die moeite werd is nie. Partykeer beleef ek en sekerlik ook julle sekere goed in jou lewe maak jou hiper gelukkig en terselfdertyd is daar iets anders wat net nie wil weggaan of verander nie, wat jou lewe elke dag versuur en moeilik maak. Ek sê weer dit kan wissel van pyn en siekte tot sonde en 'n diep emosionele las en hartseer. Almal is daar, die meeste van die tyd. Partykeer wens ek kan my lewe “upgrade” soos my foon.

Nou sê Jesus: “Ek verstaan dit, ek was daar, ek het gesien hoe hulpeloos die mense is, soos skape sonder 'n herder.” “Ek het dit self beleef en ek weet Ek gaan nog meer beleef.” Maar die wonder van Jesus se koms is dat Hy nie gekom het en die wêreld so gelos het nie. Sy laaste woord is dit.

Ek het die wêreld klaar oorwin."


So Hy skets vir ons die scenario. Aan die een kant is die wêreld en die moeilikheid, en dit gaan nie weggaan nie. Dit is nie anders vir Christene as vir nie-Christene nie, behalwe dat as jy 'n pad saam met Jesus loop en jy die sonde in jou lewe aflê, gaan jy mos verseker meer vreugde hê as die wêreld, en verseker minder moeilikheid. Want ek dink in elk geval die meeste van ons moeilikheid en dié moeilikheid is "self-inflicted." As ons net gehoorsaam is aan Jesus gaan ons net soveel minder dramas hê. Maar dis die twee wêreld. Die wêreld met moeilikheid en Jesus se wêreld van oorwinning.



Nou as dit die realiteit is, is die vraag wat doen jy om die van hierdie wêreld oor te spring in Jesus se wêreld in.



Hoe maak jy die blokkie vol? Weet jy wat is die drie goed wat elke mens in die wêreld nodig het om dit te maak?



Paulus verwys ook daarna, as hy die lewe so opsom.

1 Korintiërs/Corinthians 13:13

En op een of ander manier probeer almal van ons die moeilikheid oorkom of oorwin met een of meer van daardie drie goed. Dis ons primêre behoeftes, dis soos God ons gemaak het.

- Elke mens wil geliefd voel en vir iets lief wees, al is net lief vir niks doen nie. Elke mens begeer tog 'n dieper liefde, daardie liefde van iemand wat vir jou lief is ten spyte van jou foute. Dis elke mense se diepste behoeftes.
- Die tweede diep behoefte van elke mens is om iemand te ken wat jy kan vertrou. Hulle soek vastigheid, iemand in wie jy kan glo, of iets waaraan jy kan glo. En dit kan wissel van godsdiens, tot selfliefde, geld, ambisie, ens. Dis hoekom mense in hierdie onseker tye waarin ons nou is, so "gerattle" is. Ons sekerhede is onder ons weggeneem. Ons weet nie wanneer ons weer in "lockdown" gaan nie, en vir hoe lank, en soos ek in die begin gesê het, dit ooit sal weggaan nie. Dieselfde geld vir enige ander onsekerheid wat jy van tot tyd beleef.
- Die derde primêre behoefte van elke mens is hulle soek iets om na iets uit te sien. Al is dit net om na 'n lang harde dag 'n biertjie of Coke of wat ook al te gaan drink, of 'n naweek weg, of net iets lekkers. Alle mense soek hoop. Hoop, om te weet iewers in die toekoms gaan goed beter gaan. Iewers gaan iets goeds gebeur, wat groter is as enige van die slegte ervarings wat ons nou beleef.

Die wêreld weet dit, daarom is die hele wêreld daarop gerig om hierdie behoeftes van jou te bevredig. Die meeste advertensies belowe vir jou 'n beter lewe as jy hulle produk gaan gebruik. Jou vloere gaan skoner wees, jou wasgoed gaan witter wees, jou rimpels en pimpels gaan weg wees en jou ou kar gaan nie naby jou nuwe groot 4x4 kom nie.

Daarom gaan die meeste liedjies en fliks, en boeke oor liefde. En belowe die wêreld en die mense in die wêreld vir jou maanskyn en rose en val jy so maklik daarvoor.

En wie kan jy vertrou? Jou bank en jou super en jou polisse en jou medies en Medicare, ag man die lewe is lekker.

Nou as die wêreld dit weet, dan weet God dit ook en dis presies waarby Jesus die laaste oomblikke met Sy dissipels aansluit. Jy het Iemand wat jou liefhet. Jy het Iemand wat jy met jou lewe hier en met jou ewigheid kan vertrou. En jy het Iemand wat jou hoop nou hier en in ewigheid sal kan gee. Geloof, hoop en liefde, dis ons God. Dis die Goeie Nuus van Jesus se koms. Want God is liefde.

Liefde

Love

Johannes/John 16:25b-27

Wat 'n "amazing" gedagte?

Jesus sê vir Sy dissipels nou praat ek reguit. Ek praat nie meer in beeldspraak of gelykenisse, die waarheid is dit. "As jy julle my ken, ken julle die Vader. Julle as Jode hoef nooit ooit weer deur die priester of enige ander persoon met God te praat nie." Jesus se Naam, gee ons vrye toegang tot by ons Vader. Ons het geen ander persoon of tussenganger nodig om met Vader te praat nie. Waarom het ons hierdie voorreg? Want Vader self het ons lief.

Iemand wat bely dat hy of sy Jesus lief het en in Hom glo, - Hom vertrou/"trust", is 'n kind van God en so persoon kan weet dat die Vader hom of haar lief het. God vervul ons primêre behoefte om geliefd te voel en om spesiaal te voel.

God het ons lief en daarom as daar moeilikheid in die wêreld is en as ons voel ons situasie gaan nooit weer verander nie, het ons 'n Vader, 'n Hemelse Vader, Abba-Pappa-Vader wat ons liefhet. So lief het en gehad het dat Hy ten spyte van in verlede en ons optrede vandag en die toekoms ons so lief gehad het, dat Hy vir ons Sy Seun gestuur het, om as offer in ons plek te sterf, sodat ons Sy liefde kan geniet.

Romeine/Romans 5:8

Wow! Wat 'n God, wat 'n Vader? Al Vader se genade en vrede en die rykdom van die hemel is tot ons beskikking. Elke goeie ding wat God vir ons wil gee as gevolg van Sy liefde vir ons.

Nou is dit so dat God liefde is en ons daarom 100% van die tyd, 100% liefhet, en dit lees ons in Johannes 3:16 toe God gesê het dat Hy die wêreld so liefhet dat Hy Sy Seun sal gee. Om hierdie liefde te beskryf gebruik Johannes die Griekse woord, *agape* wat beteken "goddelike, opofferende liefde, respek." Maar dis nie die liefde waarvan Johannes hier praat nie. Die Griekse woord wat hy gebruik om vir ons die Vader se liefde vir ons, Sy eie, Sy kinders te beskryf is die woord *phileo*. En dit kan so vertaal word.

to have love or affection for someone

to be fond of

Dis vriendskap liefde, dis familie liefde, dit is diep liefde. As Jesus hier na die liefde van Vader praat is dit nie die soort liefde vir almal nie, hierdie is 'n persoonlike liefde. Jy kan dit so sê: *"dit is lekker om te weet dat God my liefhet, maar dis baie wonderliker om te weet dat Hy rerig van my hou."* Hy hou van jou. Vader se hart word aangetrek na die wat vir Jesus liefhet. Vader wil jou oorlaai met Sy goedheid en guns en seëninge. 100% van die tyd, 100% algemene liefde, is al "great," maar daar is meer, vir die wat Jesus liefhet, het Hy 'n 100% van die tyd, "affectionately" lief.

So as jy wonder hoe gaan dit maak as die moeilikheid, pyn en harsteer kom en gekom het om te bly, *"ek het Iemand wat My diep en teer liefhet, ten spyte van my optrede, sonde en verlede."* As ek dit snap, is dit makliker om die wêreld te oorkom.

En hier is die goeie nuus: Hy het ons so lief, selfs al weet Hy alles van ons. Jy kom gou agter as jy vir mense begin diep geheime van jou vertel hoe jou vriende kring vinnig krimp. *"Ek wil nie met so 'n ou assosieer nie."* God het jou lief al is jy ontrou, of al het 'n kritiese gees, met al jou bitterheid en al jou sonde. En Hy hou nog boonop van jou. En Hy sê: *"daarom mag jy my Abba-Pappa-Vader noem."*

Miskien sê jou ook soos mense al vir my gesê het: *"niemand het my lief nie,"* God het jou lief, en as God jou liefhet, en Hy het jou lief, is jy oukei. Ek is oukei. Want sê die Woord, niks kan my van die liefde van Christus skei nie.

En hoor wat sê Jesus in vers 27, jy kry dit as jy Jesus liefhet. *"Hoe kry ek God om my so lief te hê? Hoe kry ek God om Sy liefde oor my uit te stort, al is ek nie alles wat ek moet wees nie? Hoe doen ek dit?"* Bely jou liefde vir Jesus. As jy die Seun liefhet wat God liefhet, dan het God jou lief.

Die tweede behoefte wat die wêreld maar te gemaklik is om ons primêre behoeftes te bevredig is om te oortuig dat ons die wêreldstelsel en alles wat die sondige wêreld bied kan vertrou. En het gesê ons het almal iemand of iets nodig om te vertrou. Jy het vanoggend hier ingestap en jy het in die eerste plek almal wat voor jou hier was en die stoele uitgepak het vertrou. Jy weet nie of ek 'n bom onder jou stoel gesit het en ek dalk nou-nou 'n knoppie gaan druk en jy reguit by die "ceiling" uitgeblaas word nie. Of dat die stoel wat uitgepak is nie dalk stukkend is nie, of iets jou steek of byt nie. Ons wese is so, ons vertrou maklik. Ek vertrou Western Power sal sorg dat die krag aan is, en ons selfoon verskaffer sal sorg dat ek kan bel, ens, ens.

Nou kom Jesus en sê maar om die wêreld en al sy moeilikheid te oorwin, het jy nodig om God te vertrou en in Hom te glo.

Geloof/vertroue

Johannes/John 16:27-31

Dis asof Jesus sê *“eintlik nou verstaan julle, hier op die laaste sekonde,”* want hulle sê *“Ons glo nou dat U van God gekom het.”* Ek voel om te sê: *“duh, ouens, waarmee was julle die afgelope 3 jaar besig, het julle nie genoeg gesien en gehoor nie. Nou op die laaste glo julle eers dat Jesus van die Vader afgekom het en weer teruggaan na Hom toe.”* Maar ek sal dit nie waag om hulle te kritiseer nie, want ek bevind my gereeld ook in die kategorie van ’n *“ongelowige Thomas.”*

Wat glo jy?

Was Jesus maar net ’n goeie leermeester, ’n godvresende man, wat goeie morele beginsels vir die wêreld kom leer het? Of glo jy uit jou hart en met jou hele wese dat Jesus van die Vader afgekom het, aan die kruis in jou plek gesterf het, dat Hy fisies opgestaan het en na die Vader toe teruggegaan het en dat Hy daar vir ons pleit en vir ons ’n plek voorberei en dat Hy eendag weer gaan kom? Meer nog glo jy dat dit wat Hy kom doen het genoeg was en dat jou sondes van die hede en verlede en toekoms afgehandel is en volledig betaal is en dat jy nou en vir altyd Sy kind is en sal bly? En glo jy dat Hy Sy Heilige Gees gegee is om nou in jou te woon en om jou in die waarheid te lei?

Dis wat dit beteken om jou hele vertroue in God en op God te plaas. As jy dit glo dan word jou tweede primêre behoefte van vertroue/trust, om iemand te vertrou, bevredig en dan kan jy as die moeilikheid kom weet al val alles om jou, God se liefde en genade sal bly staan.

En dan is Jesus se reaksie op hulle geloofsbelydenis so snaaks, en so *“real.”*

Johannes/John 16:32

Hy bewys vir hulle dat Hy alles weet en voorspel sommer wat binne die volgende paar ure gaan gebeur. Hy gaan gearresteer word en dan gaan hulle almal wat nou so braaf is om in

God en Jesus te glo, weghardloop, elkeen in sy eie rigting en vroeër al het Hy vir Petrus gesê dat Petrus Hom gaan verloën.

Ten spyte van die feit dat Hy dit alles weet, bewys Hy Sy liefde vir hulle en vir ons en gaan sterf Hy aan die kruis vir hulle en vir ons. En red Hy hulle en vir ons van sonde en die dood.

En dan raak Jesus die mens se derde primêre behoefte aan, en dit is hoop.

Hoop

Almal van ons wens en hoop dit gaan een of ander tyd beter gaan. Ons almal begeer soms net “peace and tranquillity.” Dis een van ons basiese, primêre behoeftes. Daarom as iemand dood is wens ons vir hom of haar:

RIV

En dis presies wat Jesus vir hulle en vir ons belowe.

Johannes/John 16:33a

Ek wil dit so lees, “*sodat julle kan vrede vind in MY!*” Geen ander iets of iemand sal jou meer hoop en vrede kan gee as Jesus nie, en daarom kan jy die moeilikhede en traumas van hierdie lewe hanteer en oorkom. Want jou hoop is op Iemand, Iemand groter as die wêreld, Iemand wat die wêreld oorkom het. Iemand wat jou ken, en wat die Vader ken. Iemand wat jou lief het, met ’n sagte, teer, diep, “affectionate,” liefde.

So, wat bring vir my vrede in tye van moeilikheid? Die feit dat ek weet Jesus sê laaste woorde voor Sy kruisiging aan Sy volgelinge was: “*julle sal vrede in My vind.*” Die feit dat ek weet Hy het my onvoorwaardelik lief, en ek kan Hom vertrou met my lewe hier en my ewige lewe.

Omdat Jesus ons primêre behoeftes van liefde, vertrouwe en hoop kom vervul en vervul het, sê Hy en kan Hy sê:

Johannes/John 16:33b

Dis hoop, want dit was Johannes hier neergeskryf het is verlede tyd.

klaar oorwin


Ek sluit af

In die wêreld sal jy moeilikheid hê, maar die oorwinning is klaar behaal. Al maak die wêreld en die siektes van hierdie wêreld jou dood, die siel is veilig in God se hande. Jesus het hierdie wêreldstelsel oorwin. Hy het sonde oorwin. Hy het die duiwel oorwin. Hy is die oorwinnaar!! En dit maak ons ook oorwinnaars

1 Johannes/1 John 5:4-5

Wat is die verskil tussen die nuus en die "history channel?" In wese niks nie, altwee rapporteer nuus. Die verskil is dat die nuus, rapporteer die nuus van die dag. Vloede, vure, rampe, ongelukke, moorde, verkragtings, oorlog, pandemies. En die "history channel" rapporteer dieselfde goed, net 30, 40 jaar, 100 jaar later. Ek is glad nie gespanne as ek die "history channel" kyk nie, want dit kan my nie meer raak nie. Ek het dit as te ware oorleef. As jy en jou kinders dalk oor 30 jaar van nou af 'n dokumentêr oor Covid -19 kyk sal jy baie minder gespanne wees as nou. "Pappa, mamma, ouma/oupa 'serious' kon julle nêrens heen vlieg nie, moes julle hardloop vir toilet papier en uit nood skuurpapier koop?" "Ja rêrig, maar dis nou verby."

Dis wat Jesus bedoel. Hy wys ons die "history channel." "Die wêreld is vol moeilikheid, vandag se nuus, maar HOU MOED, "Ek het die wêreld klaar oorwin, - "history,"



Hou moed, wat God het jou lief en wil jou geliefd laat voel, 100% van die tyd, 100%. Jy kan God vertrou, 100% van die tyd, 'n 100%. En jou hoop, jou vrede lê daarin dat Jesus klaar oorwin het en dat jou huidige krisis alreeds in Sy boek – history is.

Wow! Wat 'n laaste boodskap van Jesus. Wat 'n God!